Oppinoot met ...

Ons musiekman Christiaan J de Swardt skop die nuwe jaar af met die folk van Al'astair, die stem van Corlea Botha en nostalgiese countrytreffers

FOLK WAT BOEI EN OMKLITS

Die album *Blou trane* (Vonk Musiek) is die 60-jarige sanger, liedjieskrywer en musikant Al'astair van Huyssteen se eerste album in 12 jaar, maar dit klink of hy jare lange ondervinding het! Die 14 oorspronklike liedjies uit sy pen is tussen 1998 en 2008 geskryf. Baie daarvan is op werklike gebeure en mense geskoei en die inhoud wydtreffend.

Naas die reeds gevestigde radiotreffers Lank lank gelede (waarin hy gewilde sprokies omfoeter en historiese baanbrekers met moderne metafore ompiets) en As jy staan op die maan ('n hartstogtelike versugting), is die ander trefsnitte Neuk (sosiale kommentaar) en Bakke vol liefde ('n manlike kykie op dié liedjie wat hy vir Sarah Theron geskryf en waarvan sy reeds 'n treffer gemaak het). Die liedjies is in uiteenlopende genres, van akoestiese ballades en pop tot folk, bluesrock en 'n tikkie jazz bygeklits.

Andrew Roos se verwerkings en regie met klavier en klawerbord, kitare, tromme, viole, trompette en die tromboon skep die akoestiese klankdoek waarteen Al'astair sy folkpoësie boeiend, aangenaam en luisterryk vertolk.

Hier is 'n album wat die uitdelers van musiekpryse nie durf misluister nie! Hier vroeg in 2012 is dit Oppinoot se gunstelingalbum!

Besprekings by alastair@rockntjank.co.za Besoek www.myspace.com/alastairvan-huyssteen of www.rockntjank.co.za

Die moeite werd

Ná die welslae met die Lieflinge-duetkonsep hervat Corlea Botha haar sololoopbaan met 'n kragtige album *Wie ek is* (EMI). Daar is heelparty nuutskeppinge deur haar en die verwerker en mederegisseur Byron Kuntz waarmee sy haar eiesoortigheid in Afrikaans en Engels ten toon stel. Tussen die blinkste snitte is Skryf, Alles en die Engelse popnommers Rock me right (hier hoor jy Corlea soos nog nooit tevore nie; dis smeulende countryrock!), All that you've got en Stolen moment.

Sy herinterpreteer die gewilde treffers As jy aan eendag glo, Soos ou vriende en Sonvanger met hernieude, verrassende bekoring. Haar verstommende stemomvang – met meevoerende sopraansterkte en altkrag – word gekomplementeer met orkestrasie deur Evert van Niekerk, Lizelle Venter, Jasper van Rensburg en Byron Kuntz. Al dié elemente word in die musikale slotkragtoer voltrek met haar vertolking van die meertalige rockopera-snit Ask. Dis bloot briljant!

Die introspektiewe tema van die album word in Corlea se woorde opgesom: "2011 was 'n jaar van selfondersoek. My twee groot lesse was: deur genade alleen kon alles so perfek in plek geval het en om van voor af te leer en te bly wie ek is."

Dit is 'n kunstenaar in 'n klas bó middelmatige geyktheid. Dis musikale suiwerheid en swier wat erkenning en ondersteuning verdien!

Besprekings Mesadi by 076 424 8042 of info@corlea.co.za Besoek www.corlea.co.za

DIS COUNTRY

EMI bied 'n nostalgiese reeks CD's, *SA Country Gold: The very best of ...* waarop van die land se gewildste countrysterre se gistertreffers versamel is. Boaan daardie lys is Lance "Big Daddy" James wat met die Samatoekenning vir sy lewenslange musiekbydrae vereer is. Die ander kunstenaars in die reeks sluit Barbara Ray, Joanna Field, Tommy Oliver, Caroline du Preez, Vangie Coker en Jurie Els in. Daar is ook 'n kitaaralbum met Big John Ray se treffers daarop – van Ballad of the Green Beret, Love changes everything, How great Thou art, I love you because, Distant drums, Wings on a dove en Amazing grace. VI

CJ de Swardt, Posbus 305, Riversdal 6670 **Faks** 028 713 1247 **Sel** 083 627 7197 **E-pos** cjdeswardt@mweb.co.za